higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

**19 November 2019**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Waar | | |
| | 1.1.2 | Onwaar | | |
| | 1.1.3 | Waar | | |
| | 1.1.4 | Waar | | |
| | 1.1.5 | Waar | | |
| | 1.1.6 | Waar | | |
| | 1.1.7 | Waar | | |
| | 1.1.8 | Onwaar | | |
| | 1.1.9 | Onwaar | | |
| | 1.1.10 | Waar | | |
| | | | (10 × 2) | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | C | | |
| | 1.2.2 | A | | |
| | 1.2.3 | F | | |
| | 1.2.4 | D | | |
| | 1.2.5 | B | | |
| | 1.2.6 | G | | |
| | 1.2.7 | E | | |
| | 1.2.8 | J | | |
| | 1.2.9 | L | | |
| | 1.2.10 | I | | |
| | | | (10 × 2) | (20) |
| 1.3 | 1.3.1 | A | | |
| | 1.3.2 | D | | |
| | 1.3.3 | A | | |
| | 1.3.4 | C | | |
| | 1.3.5 | B | | |
| | | | (5 × 2) | (10) |
| | | | | **[50]** |

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Kleur✓ – speel 'n belangrike rol in die sielkundige ontwikkeling van 'n baba✓
- Akoestiek✓ – beïnvloed babas se aandag en gedrag✓
- Tekstuur✓ – babas leer deur verskillende sintuie; vertrek moet 'n verskeidenheid visuele en taktiele (aanraking) ervarings verskaf ✓
- Vensters en ventilasie ✓ – skoon lug = gesonde omgewing✓
- Temperatuurbeheer✓ – konstant en gerieflik✓
- Beligting en elektriese toerusting ✓ – natuurlike lig is die beste; geseëlde muurproppe✓
- Deure en veiligheidshekke✓ – veiligheid✓
- Muurbedekkings✓ – loodvrye verf, prente helder 'n vertrek op✓
- Gordyne✓ – wasbare materiaal, aantreklik, koorde buite bereik✓
- Vloerbedekking✓ – gebruik verskeidenheid teksture✓
- Vertoonruimtes✓ – lae rakke vir babas om speelmateriaal by te kom✓
- Berging✓ – voldoende bergingspasie ✓
- Meubels en toerusting✓ – higiëne, veiligheid, gemak, gerief, buigsaamheid en koste moet in aanmerking geneem word✓

(Enige tersaaklike antwoord) (6 × 2) (12)

2.1.2

- Blokke✓ – hardewarewinkel, vra vir oorskietstukke hout✓
- Marionette✓ – gemaak uit ou handskoen, met knope versier✓
- Botteldoppies✓ van verskillende kleure om vir teloefeninge te gebruik ✓
- Musiekinstrumente ✓ - dromme uit blikke ✓
  - klingelklokkies uit klokkies op 'n lint of tou ✓
- Plastiekhouers✓ kan in sand- en waterspel gebruik word, maak gate vir siwwe ✓
- Oranje netsakkies waarin lemoene gekoop word✓ – kan in 'n boom gehang, met koerante en gevul en as 'n slaansak gebruik word.✓
- Ou kartonbokse✓ kan vir konstruksiespel gebruik word✓
- Legkaarte✓ – ou prente wat op karton geplak en in legkaartstukke gesny word✓ (Enige geskikte antwoord) (3 × 2) (6)

2.1.3
- Moet verbeelding prikkel, maar hou ouderdom en ontwikkelingsvlak in gedagte.
- Meer speelgoed sal benodig word as daar verskillende ouderdomsgroepe saam in (tuisgebaseerd).
- Meer speelgoed word benodig as daar meer klasse is.
- Geslag moet in aanmerking geneem word.
- Verskillende kultuurgroepe moet in aanmerking geneem word.
- Kinders met spesiale behoeftes moet in aanmerking geneem word.
- Fokus op eenvoudige speelgoed, soos blokkies en ratels
- Hou veiligheid in gedagte
- Fokus op dit waarin kinders belangstel
- Versamel veelsydige speelgoed, soos balle en bonesakke
- Speelgoed wat deur kinders van verskillende ouderdomme gebruik kan word
- Speelgoed wat verkenning en probleemoplossing kan aanmoedig. (Enige 6 × 1) (6)

2.2 Ontwikkelingsvlak
- Sommige kinders is meer gevorderd en kan gefrustreerd raak met spel wat hulle nie uitdagend vind nie.
- Sommige speelgoed kan te stadig vir stadige ontwikkelaars wees.

Aantal kinders in die gesin
- Meer kinders – leer van mekaar
- Te veel kinders, nie genoeg geld vir speelgoed nie

Geleenthede om met ander kinders te speel
- Kind met broers of susters weet hoe om met ander kinders om te gaan.
- Enkelkind met min toegang tot ander kinders kan oorweldig voel.

Die kind se belangstellings
- As 'n kind in net een ding belangstel, kan dit ontwikkeling op ander terreine beïnvloed.

Die kind se gesondheid
- 'n Siek kind sal nie daarin belangstel om te speel nie.
- Wanneer 'n kind in die hospitaal opgeneem word, verbeur hy/sy geleenthede om met lede van die portuurgroep kontak te hê.

Die kind se geslag
- Seuns is geneig om rowwer speletjies te speel, en meisies speel kalmer speletjies.
- Daar is geen vaste reëls nie.

Die omgewing
- Verskillende dinge waaraan die kind blootgestel word sal 'n invloed op spel hê.
- Kultuur het ook 'n invloed op spel – speel verskillende speletjies.
- Die kind se kultuur kan in sy/haar verbeeldingspel weerspieël word.

Kopiereg voorbehou 

Die kind se ouer/voog
- Die mate waarin hulle kinders stimuleer, sal bepaal hoeveel die kinders vrae vra.
- Meer stimulering lei tot meer kreatiwiteit.
- Kind neem waar hoe ouers met ander omgaan.

Beskikbare toerusting
- Dit moet die verbeelding stimuleer.

Die praktisyn
- Die omgewing wat hy/sy daarstel, moet stimulerend wees.
- Sy moet leiding gee om spel betekenisvol te maak

Emosionele atmosfeer
- Kinders moet veilig en geborge voel, nie bedreig nie (Enige 5 × 2) (10)

2.3 2.3.1
- Teken bied aan kinders die geleentheid om die vaardighede wat vir skryf benodig word, te oefen – fyn spierkoördinasie en hand-oogkoördinasie.
- Dit help met figuur-grond-onderskeid (bv. huis met figure voor die huis).
- Kinders sien 'n beeld van hulself deur dit waaraan hulle in hul kreatiewe aktiwiteite uitdrukking gee.
- Teken bied 'n geleentheid om hul wêreld te verken en ondersoek.
- Hulle kan uitdrukking aan hul gevoelens en idees oor hul wêreld gee.
- Dit ontwikkel kinders se selfbeeld.
- Selfvertroue word bevorder wanneer die kinders bepaalde vaardighede bemeester en dinge skep.
- Kreatiewe kuns het terapeutiese waarde. Dit is kalmerend en ontspannend.
- Dit bied 'n geleentheid om van oormatige spanning en energie ontslae te raak. (Enige 5 × 1) (5)

2.3.2
- Vingers (in bv. sand)
- Waskryte
- Bordkryt
- Veltpuntpenne
- Kleurpotlode
- Gewone potlode
- Houtskool
- Pastelle (Enige geskikte antwoord) (7 × 1) (7)

2.3.3 Waarneming oor bv. hand-oog-koördinasie, handgreep op kryt, belangstelling, ens. (Enige geskikte antwoord) (2 × 2) (4)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1

- Fisies aktiewe spel sluit alle vorms van spel in waar babas hulle groot (growwe) motoriese spiere en fyn motoriese spiere moet gebruik
- om hul arms, bene, liggaam, balans en koördinasie te ontwikkel.
- Dit sal aktiwiteite insluit om babas aan te moedig om te sit, kruip, staan, loop, hardloop, klim en na voorwerpe uit te reik. (3)

3.1.2

- Dit sal binne en buite plaasvind.
- Speelgoed en aktiwiteite word deur die loop van die dag beskikbaar gestel.
- Minstens een georganiseerde aktiwiteit per dag word beplan, nadat die baba gevoer en sy/haar doek omgeruil is.
- Babas is gewoonlik soggens meer energiek. (Enige 2 × 2) (4)

3.1.3

- Sy moet die belangrikheid van fisies aktiewe spel verstaan.
- Sy moet weet wat die mylpale vir die ouderdomsgroep is.
- Sy moet die kinders individueel ken.
- Alle toerusting moet skoon en veilig wees.
- Moedig babas aan om aan alle aktiwiteite deel te neem.
- Prys altyd 'n poging deur te glimlag, hande te klap, ens.
- Wys vir die babas dat jy dit geniet om met hulle te speel.
- Beplan spesifieke aktiwiteite vir elke dag.
- Aktiwiteite moet altyd die baba se ontwikkelingsvaardighede uitdaag.
- Noukeurige waarneming is belangrik
- Maak aantekeninge en doen gereeld verslag aan ouers.
- Reflekteer oor elke dag se aktiwiteite.
- Hou toesig. (Enige 6 × 1) (6)

3.2

- Dit moet naby die slaaparea wees.
- Die omruiloppervlak moet 'n gemaklike hoogte vir die versorger wees.
- Die houer vir vuil doeke moet naby wees.
- Maak seker dat die oppervlak om die doek om te ruil gewatteer (sag), warm en gemaklik is.
- Elke baba moet sy/haar eie rak/sluitkas/laai hê.
- Elke kind moet sy/haar eie waslap hê.
- Elke sluitkas kan die naam/'n foto van die baba vertoon. (Enige 5 × 1) (5)

3.3

- Gebruik 'n sjabloon om skriftelike beplanning te voltooi.
- Gebruik swart of blou pen en skryf netjies en duidelik.
- Beplanning kan getik en op 'n rekenaar gestoor word.
- Vul al die nodige inligting in.
- Gebruik sleutelwoord.
- Beplanning moet vir toekomstige verwysing gedoen word.
- Beplanning moet toeganklik wees.
- Beplanning moet twee weke vooruit gedoen word
- Daar is twee soorte beplanning – daagliks en weekliks.
- Beplanning moet gebruikersvriendelik wees. (Enige 4 × 2) (8)

3.4 **MANIPULASIESPEL VIR BABAS 12-18 MAANDE OUD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ALGEMENE INLIGTING**<br>• Tipe les – Manipulasiespel<br>• Tema – Enige tema of geen tema<br>• Ouderdom van kinders – 12 tot 18 maande oud<br>• Datum van aktiwiteit – Enige<br>• Aantal kinders – nie meer as 2 nie<br>• Tydsduur – 5 min (6 × 1) | | | (6) |
| Die volgende is almal voorbeelde. | | | |
| **INLEIDING** | | | |
| **Doelwit** | **Aktiwiteit** | **Apparaat** | |
| VOORBEELD<br>• Trek babas se aandag<br>(Doelwit moet by aktiwiteit aansluit) | VOORBEELD<br>• Speel 'n vingerspel soos *om jou vingers te wikkel* of *hande te klap* | VOORBEELD<br>• Geen<br>(Moet vir die aktiwiteit relevant wees) (3 × 2) | (6) |
| **HOOFAKTIWITEIT** | | | |
| **Kerndoelwit** | **Aktiwiteit** | **Apparaat** | |
| VOORBEELD<br>• Kyk, strek en gryp<br>• tel 'n voorwerp op en hou dit vas<br>• Slaan teen iets<br>• Sit voorwerpe neer<br>• Maak oop en toe<br>• Oorsaak en gevolg<br>(Doelwit moet by aktiwiteit aansluit) | VOORBEELD<br>• Posbusse – sit in en haal uit<br>• Blokspel<br>• Balle om te rol<br>• Houthamer en -penne<br>• Houtknoplegkaarte | VOORBEELD<br>• Kartonhouers<br>• Blokke<br>• Houthamer en -penne<br>• Legkaart<br>(Moet vir aktiwiteit relevant wees.) (3 × 2) | (6) |
| **AFSLUITING** | | | |
| **Doelwit** | **Aktiwiteit** | **Apparaat** | |
| VOORBEELD<br>• Kalmeer die baba<br>(Doelwit moet by aktiwiteit aansluit) | VOORBEELD<br>• Sit baba op skoot en blaai deur taktiele boek | VOORBEELD<br>• Taktiele boek<br>(Moet vir aktiwiteit relevant wees) (3 × 2) | (6) |
| | | | **[50]** |

## VRAAG 4

4.1 ALGEMENE VEREISTES VIR DIE BUITE-AREA (SPEELGROND)

- Aantal kinders – genoeg toerusting
- Veelsydige, duursame stewige toerusting
- Ontwikkelingsvlak van die kind – lae speelraam
- Veiligheid – geen glas, skoon
- Apart van ouer kinders
- Geleenthede vir ontdekking en verkenning
- Skaduryke area – boom of sonskerm. Beskerm teen son en reën.
- Area vir groot toerusting – ouderdomsgepas – klimrame, swaaie, glyplanke, gras daar onder
- Geplaveide, harde oppervlakke – ry driewiele, stoot-trek-speelgoed
- Sandput – genoeg skaduwee en sandtoerusting. Behandel met sout. Bedek snags
- Waterspel – onder toesig, sprinkelbesproeiing, plaspoele, maak onmiddellik leeg nadat kinders daarin gespeel het
- Wegkruipertjie – betonpype, kartonhouers om in weg te kruip
- Bergingsarea – maklike berging
- Troeteldierarea – apart van speelgrond, omhein
- Tuin – grasarea, groot bome en struike, blomme en plante, bankie vir storietyd, geen giftige struike nie
- Sluitbare hekke, toesig, heining (10)

4.2 4.2.1

- Pak boeke weg nadat dit gebruik is.
- Spesiale plek om boeke te bêre
- Hoë rakke vir boeke wat saam met die educare-praktisyn deurgeblaai moet word
- Lae rakke vir boeke waardeur kinders op hul eie kan blaai (4)

4.2.2

- Moenie babataal gebruik nie.
- Gebruik volsinne en praat in huistaal.
- Wees geduldig en kalm.
- Moenie probeer om die babas stil te hou nie – skep geleenthede om te praat.
- Sê eenvoudige rympies met interessante patrone en klanke op.
- Voorsien heelwat herhaling sodat die kind die patrone kan oefen en daarmee vertroud raak.
- Lees/kyk saam met die kinders kan boeke.
- Leer ouers oor die belangrikheid van verskillende taalaktiwiteite.

(Enige tersaaklike antwoord) (6 × 2) (12)

4.3
- Wees objektief en taktvol.
- Vermy aannames.
- Wees duidelik en gebruik korrekte taal.
- Moet nooit enigiets in 'n versag doodtrek nie en moet ook nie korrigeer-vloeistof ('Tipp-Ex') gebruik nie.
- Weerhou jouself van negatiewe stellings.
- Beklemtoon die kind se gedrag en bekwaamhede.
- Moet nie veralgemeen nie. Wees spesifiek oor die persoonlike waar-nemings van die kind.
- Opmerkings moet kort en bondig wees.
- Moenie 'n kind etiketteer nie, bv. 'stout', 'slim'.
- Moenie negatiewe opmerkings maak nie.
- Moenie jok nie.
- Moenie tegniese terme gebruik wat die ouers dalk nie verstaan nie.
- Gebruik swart/blou pen.
- Goeie taal en spelling – professionele dokument; verkieslik getik.
- Alle verslae moet basies inligting bevat – naam, ouderdom, datum en deur die educare-praktisyn onderteken.
- Skoolhoof moet die verslag proeflees voordat dit aan die ouers oorhandig word. (Enige 5 × 1) (5)

4.4 4.4.1
- Die woord 'collage' beteken om op te plak.
- 'n Collage word gemaak deur materiaal met gom, krammetjies of deeg te maak.
- Hierdie materiale het verskillende kleure, vorms en teksture. (3)

4.4.2
- Ou koerante
- Wol
- Polistireenskyfies
- Saagsels
- Blare
- Blomblare
- Botteldoppies
- Ponspapierkolletjies
- Sade
- Vuurhoutjies/Roomysstokkies
- Stukkies materiaal (Enige tersaaklike antwoord) (8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou 

4.4.3

- Rangskik collage-materiaal in grootte, kleur en vorm.
- Gebruik houers om werkarea netjies en aantreklik te hou.
- Bied dit aan by 'n tafel, of op die vloer.
- Bedek die tafel met 'n plastiekdoek.
- Kinders moenie nodig hê om te strek nie – maklike toegang.
- Voorkom samedromming.
- Gee 'n wye verskeidenheid materiale.
- Bied een- of tweemaal per week as hoofaktiwiteit aan.
- Maak kinders bewus van teksture.
- Reël 'n raak-en-sien-uitstalling.
- Plaas stewige potte gom naby elke kind.
- Elke kind moet sy/haar eie skêr hê.
- Plaas gomkwasse/stokkies in die potte.
- Hou 'n bak water naby om hande te was.
- Hou 'n snippermandjie byderhand vir oorskietstukke.

(Enige tersaaklike antwoord) (4 × 2) (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou